

Thesise voor 1990 / Theses before 1990

Naam	Onderwerp	Jaar
Heloïse Davis	Die politieke en joernalistieke impak van die Sondagkoerant <i>Die Beeld</i>, 1965 tot 1970	1983
<p><i>Alle dagblaaië en Sondagkoerante in Suid-Afrika is polities verbonde en het 'n meerdere of mindere politieke impak. Joernalistieke impak is weer 'n funksie van professionele standaarde, ook op die politieke terrein. Nie baie koerante in Suid-Afrika kan op hoë joernalistieke impak aanspraak maak nie. Die onderwerp van hierdie studie is die buitengewone hoë impak wat die Sondagkoerant Die Beeld tussen 1965 en 1970 in albei opsigte in Suid-Afrika gehad het, die onverskrokke beriggewing en kommentaar waarmee dit bereik is, en die geëmansipeerde Afrikaanse joernalistiek wat dit veral in die Transvaal bevorder het.</i></p> <p><i>In hoofsaak sal probeer word om aan te toon hoe mnr. Schalk Pienaar as hoofredakteur en senior politieke skrywer van Die Beeld met merkwaardige politieke insig 'n nuwe styl in die Afrikaanse joernalistiek geskep het en sy eie onuitwisbare stempel daarop afgedruk het. Die mening van almal waarmee onderhoude gevoer is, was dat Die Beeld 'n mylpaal in Afrikaanse koerantwese was, en dat hy in die verloop van die politieke geskiedenis van die laat jare sestig 'n deurslaggewende rol gespeel het.</i></p>		
Johannes D Froneman	'n Beeld van die kerk in die Pers: 'n Joernalistieke ondersoek na kerklike beriggewing in die dagblad <i>Beeld</i> in 1982	1989
<p><i>Soos alle instellings in die samelewing toon die kerk 'n openbare beeld of beelde. In dié ondersoek is nagevors watter beeld(e) die kerk in 1982 in die dagblad Beeld vertoon het. Dit is gedoen deur die saamstel van 'n statistiese beeld van wat die kerk gedoen het en van wat deur en oor die kerk in sy 'formele' gestalte gesê is. Verder is die inhoud verwerk van bykans 700 items wat in Beeld verskyn het. Daardeur is 'n 'koerantgeskiedenis' van die kerk geskilder. Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat die algemene beeld van die kerk dié was van die NG Kerk; dat rasse- en ander politieke sake meestal ter sprake was; en dat dit meegebring het dat meer kritiese as positiewe menings oor die kerk uitgespreek is.</i></p> <p><i>Maar dit word veral aanvaar dat die beeld van die kerk moeilik vasvangbaar is en dat daar eintlik van beelde sprake is. Dit is ook onmoontlik om te weet watter reaksie items individueel of gesamentlik by elke besondere leser ontlok het. Daar kan dus nie ongekwalfiseerd van 'n 'positiewe' of 'negatiewe' beeld gepraat word nie. Tog word aanvaar dat Beeld se besondere aanbieding van die nuus oor die kerk 'n invloed gehad het op die veranderende beeld van die kerk by lesers gehad het.</i></p> <p><i>Oor Beeld as nuusblad word tot die gevolgtrekking gekom dat niesteenstaande bepaalde tekortkominge, 'n billike en akkurate beeld van aspekte van die kerklike lewe weerspieël is. Dit sal, ten slotte, sowel die kerk as die pers loon om steeds meer kennis oor en begrip vir mekaar te ontwikkel ten einde 'n gesonde verhouding moontlik te maak.</i></p>		
Frederik M Gaum	'n Ondersoek na die eise vir geslaagde kerklike joernalistiek	1984
Lisel Krige	SWA/Namibië se koerante in 'n tyd vir verandering	1988
<p><i>Dit is 'n natuurlike verskynsel dat emosioneel en geskiedkundig betrokkenes diepe politieke meelewing sal toon, met 'n geesdrif wat onbetrokkes nie het nie. Van die mediadekking is dit iets wat by die geleentheid in Windhoek - om die instelling van Suid-Wes Afrika/Namibië se Oorgangsregering van Nasionale Eenheid (ORNE) te vier - soos 'n paal bo water uitgestaan het: die kantlyn-beriggewing deur buitestaanders soos die buitelandse en die Suid-Afrikaanse media was iets heeltemal anders as die weergawes van beleving wat die plaaslike koerante aangebied het. Emosie - in wisselende grade - oor iets wat na aan die hart lê, was die onderskeidende kenmerk.</i></p> <p><i>Die doel van die studie in sy geheel is om die kanse van die agt bestaande koerante met betrekking</i></p>		

tot hul sin en hul kanse op oorlewing te evalueer. Die kors het gestyg en die spanning op persgebied het verder opgelaai sedert die instelling van die oorgangsregering, want daarna het drie koerante hulle verskyning gemaak wat die totaal, teen einde 1988, tegnies tot nege gebring het. Een van hulle is egter 'n sondag-uitgawe van 'n bestaande koerant en word verder in die studie saam met die dagblad as een koerant behandel.

Mariana R Malan **Die ontstaan en ontwikkeling van tuiskoerante tot 1986/1987. Met spesifieke verwysing na Tyger-Burger - die tuiskoerant van Nasionale Media Bpk. met die hoogste sirkulasie** **1989**

Dat mense belang stel in grootliks plaaslike nuus, is geen nuwigheid nie. Tog het koerante nie altyd besef dat daar groot moontlikhede steek in sulke plaaslike nuus nie. Die meeste skrywers verbind die hedendaagse opkoms van streng plaaslike koerante met industrialisering en verstedeliking. Veral van ongeveer 1960 af het 'n ander soort publikasie in die meeste Westerse lande sterk begin groei, naamlik gratis koerante. Gevestigde persgroepe het besef hier is 'n plaaslike mark wat hulle kan ontgin.

Een besonder sterk tuiskoerant is Tyger-Burger, uitgegee deur Nasionale Media Bpk. Hierdie weeklikse koerant het 'n sirkulasiesyfer onder die heel hoogstes in die land, naamlik meer as 90 000 per uitgawe. Dit is ook Nasionale Media Bpk. se suksesvolste tuiskoerant omdat dit werklik winsgewend is. Gratis koerante skep dikwels morele probleme en heelwat kontroversie woed oor hulle bestaan. Feit bly dat gratis publikasies stellig permanent met ons is. Aangetekende inligting oor tuiskoerante in Suid-Afrika bestaan feitlik nie. Hierdie navorsingstuk maak nie daarop aanspraak dat dit volledig oor die stand en geskiedenis van tuiskoerante verslag doen nie. 'n Volledige werk oor gratis koerante sal 'n aanwys wees vir die bedryf in ons land.

Lizette Rabe **Die ontstaan en ontwikkeling van Sarie Marais as massatydskrif vir die Afrikaanse vrou** **1985**

Toe Sarie in 1949 letterlik die lig op straat gesien het, was sy die vierde volwaardige vroue-tydskrif en die eerste wat die vrou se lewe in alle fasette gedek het, soos in hierdie verhandeling aangetoon sal word. Voorheen het die massamedia nie veel aandag aan die vrou gegee nie. Waarskynlik omdat die vrou nog nie so 'n bewustelike rol in die samelewing gespeel het nie, en - belangrik - omdat advertensies nog nie so 'n manipuleringsmag was nie. Met die opkoms van die advertensiewese het 'n behoefte begin ontstaan aan media waardeur die advertensies - en nie net vir 'vroulike' produkte nie - na die verbruiker, en die vrou as inkoper, gelei kon word.

Sarie het sommer met die dag van haar verskyning reguit aangekondig: sy is 'n leier en nie 'n volgeling nie. Sy het vir die eerste keer die Afrikaanssprekende vrou bewus gemaak van Europese modes, nuwigheide in binneversiering, skoonheid en ander klaarblyklike 'trendsetters' wat 'n vrouetydskrif 'n leier eerder as 'n volgeling maak. Sy het vir haar leser vensters op die wêreld gegee. Bowenal was sy 'n leier omdat sy 'n reuse-bydrae gemaak het tot veral huweliks- en gesinsvoorligting en gesondheidsartikels soos nog nooit tevore in Afrikaans, wat nog te sê in 'n tydskrif, gesien was nie. Die volgende hoofstukke bewys dit.

Mohamed Shaikh **'n Onderzoek na die verskynsel van aparte koerante en/of Ekstras vir die 'bruin bevolking' in Suid-Afrika.** **1986**

Aparte uitgawes van koerante, of die sogenaamde Ekstra-uitgawes vir die nie-blanke bevolking, staan vandag in die brandpunt van die gemeenskapsoog. In die breë gesien, word hulle met agterdog bejeën - in hoofsaak van weë hul aanhangsel-aansien. Juis omdat die meeste Ekstras 'n losstaande byvoegsel is van 'n 'blanke koerant' is, word die motiewe van sulke publikasies dikwels bevraagteken - veral in die geval van Afrikaanse koerante wat die regering goedgesind is.

Ondanks al die vyandigheid rondom Ekstras was daar in die laaste jare 'n aansienlike styging in hul sirkulasie. Sommige het sterker vertoon as ander, en dit wil tans (1983-1986) lyk of party besig is om agteruit te boer. Die oorsake sal ons in die verloop van die studie probeer ontrafel. In hierdie ondersoek word die aard en oorsprong van die aparte publikasies nagevors. Die strydpunt word gestel: Het hulle bestaansreg? Daar word gekyk na hul verloop en groei, en daarmee saam die groei

van antagonisme jeens die koerante en hul verslaggewers. Ten laaste sal gepoog word om moontlike oplossings en riglyne ten opsigte van Ekstras aan die hand te doen.

**Marita van der
Vyver**

**Die groeiende rol van die vrou in die Afrikaanse pers met
spesifieke verwysing na *Die Burger* en *Die Nasionale Pers*.**

1987

*In welke mate het die vrou die afgelope vier dekades 'n plek in die joernalistiek ingeneem? Bestaan daar steeds te veel vooroordeel? En kan die vrou wat vandag van die joernalistiek 'n beroep wil maak, verwag dat dit in die nabye toekoms - of ooit - heeltemal sal verdwyn? Hierdie studie is aangepak om sulke vrae te probeer antwoord. Die rol van die vrou in die Suid-Afrikaanse joernalistiek is 'n breë onderwerp waaroor besonder min navorsing nog gedoen is. Die studie is nie 'n volledige beskrywing van elke tree wat die vrou in die Afrikaanse joernalistiek gegee het nie. Dit bied eerder 'n algemene beeld van haar vordering, met die Nasionale Pers, en meer spesifiek *Die Burger*, as gekose terrein vir 'n beskrywing van wat in die Afrikaanse pers in die geheel gebeur het. Dit kan ook dien as 'n beginpunt en verkenning van toekomstige navorsing.*